

19 AUGUSTUS

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 73
FOKUSGEDEELTE: PSALM 73:25**

‘n Lewensraaisel word opgelos

Waarom? Dié vraag kom so dikwels op in die hart en gedagtes van mense – ook gelowiges. Daar is immers so baie dinge wat ons nie verstaan nie. Hierdie indringende psalm is ‘n diepgaande ondersoek van die lewe en Asaf vra: Waarom kry gelowiges swaar, terwyl dit met die goddeloses oënskynlik so goed gaan? Die Here is mos goed – hoe rym dit met wat nou besig is om in my lewe of dié van iemand naby aan my te gebeur? Ek leef nie soos ‘n goddelose nie, maar tog loop alles skeef in my lewe. Ek kan nie verstaan nie ...

Wat doen Asaf toe? Draai hy sy rug op die Here en stap weg van Hom af omdat hy voel dit is nie meer die moeite werd om die Here te dien nie? Nee, God se genade in Jesus Christus hou hom vas en hy begin diep in sy eie hart en gedagtes kyk. Die Heilige Gees bring Asaf weer op koers wanneer hy eerlik en openhartig sy probleem voor die Here in die tempel stel. Asaf kry ewigheidsperspektief.

Die voorspoed van die ongelowige verdwyn soos mis voor die son en hulle droomlewe word ‘n nagmerrie. Asaf kom sy denkfout agter. Dit is nié beter sonder die Here nie en die Here was ook nie weg nie. Trouens, God het hom aan die hand gevat, raad gegee en in eer gehul. So kyk Asaf diep in die liefdevolle hart van die Here.

Die belangrikste in die lewe is om verseker te word dat ons aan die Here behoort, dat Hy ons in hierdie lewe met alles versorg, maar ons ook hierna laat deel in sy ewige heerlikheid. Dit kan ‘n mens ook nie verstaan nie – maar ons hoef ook nie. Ons moet dit net glo en naby die Here leef. Dan sal niks of niemand mos vir ons meer beteken as die Here nie, of hoe?

Sing: Psalm 73:12 (Totius)

Ds Arnold Mulder (Krugersdorp)